Jy is gedoop met die Heilige Gees

Gedoop met die Heilige Gees is **'n omstrede term**. Vir sommige gelowiges het dit die betekenis van iets meer as net die verlossing, vryspraak en inwoning van die Heilige Gees. Om met die Heilige Gees gedoop te wees, is 'n plus, 'n ekstra gawe, 'n bonus van God – die sogenaamde "second blessing". Dit is iets wat ek bo-en-behalwe my verlossing moet ontvang. Die uitstorting van die Heilige Gees en die doop met die Heilige Gees word dan twee aparte handelinge van God, terwyl dit in Handelinge één handeling van God is. Die Heilige Gees is aan ons geskenk. In Hand 2:33 verduidelik Jesus dit so: *Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort.* Hulle moes ook wag vir die uitstorting van die Heilige Gees: *"Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het.* [5]*Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word."* Daardeur stel Jesus dit baie duidelik dat dit om Hom gaan: Dit is Hy wat die Heilige Gees gee op 'n tyd wat die Vader daarvoor bepaal het; dit is Hy wat hulle uitstuur en toerus; dit is Hy wat wonderwerke laat gebeur; dit is Hy wat deur mense werk en Sy Koninkryk vestig.

Ek het 'n vermoede dat wanneer sommige gelowiges van doop met die Heilige Gees praat, hulle eintlik praat van 'n besondere ontmoeting met die Heilige Gees; of 'n ontdekking van die Gees van God se werking in my; of van 'n verdieping in my verhouding met die Heilige Gees. Dit is natuurlik een ding om met die Heilige Gees gedoop te wees; en iets totaal anders as om 'n bepaalde **ontmoetings met die Heilige Gees** te hê. In Handelinge is daar baie voorbeelde van besondere ontmoetings met die Heilige Gees. In Han 4 lees ons van Petrus en Johannes wat in hegtenis geneem is en deur die raadslede, priester- en familiehoofde ondervra is. In 4: 8 vertel Lukas vir ons: *Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê: "Raadslede van die volk, en familiehoofde,* [9]*julle verhoor ons vandag oor 'n weldaad aan 'n siek man en oor hoe hy gesond gemaak is.* [10]*Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan—dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het.* Hulle is later vrygelaat en saam met die ander gelowiges gebid. In 4:31 hoor ons dat *"Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig."* Wat 'n wonderlike onmoeting met die Heilige Gees. In Han 11 moes Petrus homself in Jerusalem

verantwoord ten opsigte van hul hantering van die bekeerlinge uit die heidendom en hy getuig onder andere in Han 11: *[15]"Skaars het ek begin praat, of die Heilige Gees kom op hulle net soos op ons in die begin. [16]Toe dink ek aan die woorde wat die Here gesê het: 'Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.' [17]Hulle het net soos ons in die Here Jesus Christus geglo, en God het aan hulle ook dieselfde gawe as aan ons gegee. Wie was ek dan om God te probeer verhinder?"* So is daar talle ander voorbeelde van besondere onmoetings met die Heilige Gees in Handelinge. So is daar ook baie ander voorbeelde van ontmoetings met die Heilige Gees hier tussen ons. Net in hierdie week getuig Eugene Cloete, Woensdagaand tydens die gesprek oor "Bewys DNA Genisis?". oor hoe die Gees van God hom en sy vrou in 'n baie moeilike tyd vrede gegee het. Gisteroggend met ons kerkraadspanbou het daar die mooiste stories uitgekom van besondere ontmoetings met die Heilige Gees. Baie van ons kan vanoggend sulke stories vertel van hoe God jou op 'n besondere manier deur sy Woord en Gees aangeraak het.

Die belofte van die **doop met die Heilige Gees** word in die Nuwe Testament **6x herhaal**: In Matt 3:11, Mark 1:8, Luk 3:16, Joh 1:33 en Han 1:5. In alle gevalle gaan dit om die uitspraak van **Johannes die Doper dat hy met water doop**, maar dat daar **Een is wat na hom kom wat met die Heilige Gees en vuur sal doop**. Vir Christus gaan dit oor die uitstorting van die Gees op Pinksterdag. Op die dag is die gemeente **gedoop met die vuur en die krag van die Heilige Gees**. Ons lees ook verder in Hand 8 van 'n baie interessante gebeure: *[14]Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. [15]Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, [16]want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop. [17]Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.* Hierdie mense in Samaria het wel geweet van Jesus, maar blykbaar nog nie gehoor van die uitstorting van die Heilige Gees nie – daarom word hulle die hande oopgelê om die Gees te ontvang. Dit beteken natuurlik nie dat die Heilige Gees alreeds in hulle werksaam was nie.

Die doop met die Heilige Gees is 'n eenmalige gebeurtenis netsoos die geboorte of die kruis van Christus. Daardeur is die gemeente van Chrsitus gesalf tot 'n getuienisgemeenskap, en elkeen wat deur die geloof in die gemeente ingeplant word, ontvang deel aan hierdie salwing met die Gees. Dit het nie primêr te make met die heiliging van

die gelowiges nie, maar met hulle toerusting vir hulle getuienistaak. Die Heilge Gees maak hulle bruikbaar om nie net met woorde nie, maar ook met hulle lewe getuies vir die Here Jesus te wees.

Op Pinksterdag en daarna getuig die apostels en die eerste gemeente vrymoedig en kragtig vir Christus Al hulle beskroomdheid en vrees van vroeër was weg. Hulle insig in die betekenis van die Skrif is merkwaardig. Hulle besef van hul afhanklikheid van God wat in hul gebedslewe na vore kom, is noemenswaardig. Lukas verwys telken daarna dat hulle *"eengesind in die gebed volhard het"*. Ons hoor ook dat hulle elke dag by die tempel bymekaargekom het vir lering en gebed. Wanneer dinge skeefgeloop het, soos Petrus en Johannes se inhegtenisneming, het hulle gebid. Die kerk in Handeling was 'n biddende kerk wat hulle verwonder het oor God en met verwagting uitgesien het na wat God gaan doen en wat God van hulle verwag om te doen.

Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag is die boodskap duidelik: **Noudat die volkome versoening deur Christus bewerk is, het die "laaste dae" aangebreek waarna Petrus in sy eerste preek verwys**. Hy verwys na die profeet Joël se profesie. Kom ons lees dit in Han 2:**[14]Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: [15]Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. [16]Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: [17]Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. [18]Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. [19]Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. [20]Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. [21]So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. [22]"Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self.**

Ek wil dit vanoggend baie duidelik stel en hoor wat ek die Woord vir jou sê: **As gelowige IS jy gedoop met die Heilige Gees!!** Toe jy as verbondskind of met jou bekering gedoop is, is jy gedoop in die **Naam van die Vader, die Seun en**

die Heilige Gees. Met die doop gee die Here aan ons die versekering dat Hy deur sy Gees in ons woon en ons lewe daagliks so regeer dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon. In die Heidelbergse Kategismus Sondag 69 bely ons: Dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel het en daarby beloof het dat ek net so seker **met Sy bloed en Gees gewas is** van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem. In Sondag 70 bely ons dat die betekenis van die doop is **om deur die Heilige Gees vernuut en tot lede van Christus geheilig te wees**, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en ’n godsalige, onberispelike lewe wandel. Wanneer jy eenmaal met die Heilige Gees gedoop is, dws die Heilige Gees aan jou geskenk is, dit ’n handeling is wat nooit weer herhaal hoef te word nie. ’n Mens word net een keer met die Heilige Gees gedoop en nie verskeie kere nie. As Christus sy Gees aan jou geskenk het om in jou te woon, is Hy ’n permanente inwoner en nie ’n besoeker wat kom en gaan nie.

Ook die Nagmaal herinner ons daaraan dat ons met die Heilige Gees gedoop is. Die nagmaal is die viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar. Nie alleen word ons in die nagmaal met Jesus se dood verbind nie, maar ook met sy lewe en is die opgestane Christus deur die Heilige Gees self by ons teenwoordig. Hierin lê die diepste geheim en die grootste vreugde van die nagmaal. Dieselfde Gees wat ons oë vir Christus oopmaak, maak ook ons oë vir mekaar oop en bind ons deur Sy liefde aan mekaar. In Sondag 76 van die Heidelbergse Kategismus bely ons dat die tekens van die brood en wyn nie net die verlossing van sondes aan ons verkondig nie, maar om **deur die Heilige Gees met Chrsitus verenig te word**.

Ons bely ook: **Die Heilige Gees laat in ons hart ‘n opregte geloof ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels, Hom tot eiendom maak en niks anders meer buite Hom soek nie**. Dit is geloof – om Christus met al sy verdienste te omhels. Wanneer ek Christus met al sy verdienste omhels wil ek ook breek met al my sonde en met ’n lewe wat net om myself draai – ek wil my gesig na God draai en vir Hom lewe. Om Christus met al sy verdienste te omhels is om met ’n verwagting na God te gaan – dat God my gaan verander – die Heilige Gees is ’n ekspert-veranderingsagent. Kyk net wat gebeur met Petrus, wat vroeër vir ’n eenvoudige diensmeisietjie weggekruip en gelieg het!! Kyk hoe gaan staan hy nou met vrymoedigheid voor mense, raadslede, priester- en familiehoofde. Jy wat so maklik sê: Ek kan nie voor mense bid nie; Ek kan nie met ander oor die Here Jesus praat nie; Ek kan nie dit of dat vir die

Here doen nie . . . Leef ’n salg met ’n verwagting dat God deur sy Gees in jou is. Petrus sê dit so mooi in 2 Petr 1: *[3]Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. [4]Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.*

Jy *IS* gedoop met die Heilige Gees!! Jy het alles wat nodig is om voluit vir die Here en ’n werktuig in Sy hande te wees. Ontdek jouself voor God en die krag van die Heilige Gees in jou. Hoe ontdek ek dit: begin dit net wees/doen waartoe die Here jou roep om te wees of te doen. In jou gehoorsaamheid aan Jesus ontdek jy al die seëninge waarmee jy geseën is. Dan is daar nie net ’n second blessing nie, maar ook ’n third, fouth, fith . . . . en nog vele meer!!

Neem vanoggend hierdie broodjie en wyn met die wete: Ek is gedoop met die Heilige Gees!!